ONDERNEMING DEUR ELKE LEERDER/OUER/VOOG

(Verpligtend)

HIERMEE ONDERTEKEN EK,

……

(Leerder se naam en van)

AS LEERDER VAN LAERSKOOL ORANJE–NOORD:

1. Dat ek eienaarskap aanvaar en dat ek na die beste van my vermoë, die pligte en verantwoordelikhede wat hiermee saamval, sal uitvoer.
2. Om altyd, waar ek my ookal mag bevind, my persoonlike optrede, hetsy voorkoms en taal onberispelik te hou, sodat ek my leerlingskap waardig mag wees.
3. Om altyd lojaal teenoor my skool, onderwysers, leerlingleiers en elke leerling te wees, sodat die goeie naam en gees van my skool nie geskaad sal word nie.
4. Om die skool se waardes en beginsels te onderskryf en uit te leef en ook die reëls, gedragskode en etos van my skool getrou na te streef.
5. Ek verstaan die waardes, dissipline, tugprosedures en aanvaar dat dit streng toegepas gaan word.
6. Ek as ouer/voog verbind my om my kind te help en te lei sodat hy/sy alle bogenoemde beginsels kan nastreef en uitleef.
7. Laerskool Oranje-Noord se gedragskode word direk gekoppel aan die 5 waardes wat nagestreef word.

   Hierdie waardes sluit in:

   - **Liefde**
   - **Eerlikheid**
   - **Respek**
   - **Verantwoordelikheid**
   - **Dissipline**

HANDTEKENING:

LEERLING: …… DATUM: ……..

OUER/VOOG: …… DATUM: ……..

OUER/VOOG: …… DATUM: ……

Laerskool Oranje-Noord

GEDRAGSKODE VIR OUERS

Ek, _____ (ouer/voog) van _____ in graad _____

Onderneem die volgende:

Ek sal toesien dat my kind:

- Elke dag skool toe kom;
- Op tyd by die skool en skoolaktiwiteite opdaag;
- Saans vroeg in die bed is vir ‘n goeie nagrus;
- Die regte kleredrag het en om hom/haar netjies en skoon skool toe te stuur;
- Gesonde kos kry en om na sy/haar liggaamlike en emosionele behoeftes om te sien;
- Se huiswerk gereeld nagegaan word en te verseker dat daar genoeg tyd en ‘n toepaslike plek is om huiswerk te doen;
- Betyds na afloop van funksies en uitstappies afgehaal word;
- Nie gedurende skoolure besoek word nie, tensy dit dringend is;.
- Die nodige selfdissipline geleer word om nie gereeld goed by die huis te vergeet nie

Ek as <u>ouer</u> onderneem om:

- Skoolfonds stiptelik volgens onderneming te betaal of so gou moontlik alternatiewe reëlings te tref;
- Te alle tye ‘n goeie voorbeeld vir my kind te stel;
- In my daaglikse lewe gedissiplineerd te wees;
- Sorg dat my kind die skool se gedragskode respekteer en volg;
- Gereeld kontak met opvoeders te hê;
- ‘n Probleem vroegtydig met die opvoeder, Adjunkhoofde of Skoolhoof bespreek;
- ‘n Positiewe gesindheid teenoor die skool te openbaar en belang te stel in my kind en sy/haar skool;
- Die skool skriftelik of telefonies in kennis te stel van enige siekte of rede vir afwesigheid;
- My ondersteuning te gee in die opvoeding van my kind;
- Deeglik kennis te neem van die inhoud van alle omsendskrywes en kennisgewings wat op “Communicator”, “Facebook” en die skool se webruimte geplaas word.

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG DATUM

Laerskool Oranje-Noord

GODSDIENSDEELNAME

Naam van leerder: _____

Graad: _____

Geloofsoortuiging (bv. Christen): _____

Het u enige beswaar dat u kind godsdiensonderrig ontvang en bywoon?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG:_____

_____

DATUM: _____

A1/2019

Laerskool Oranje-Noord

DETENSIEBRIEF

Behoudens die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No. 84 van 1996, artikel 8(1) moet 'n beheerliggaam van 'n openbare skool, 'n gedragskode vir leerders aanvaar na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool. Geen bepaling van die wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.

(Punte 3.1, 3.3 tot 3.5 van die Gedragskode het betrekking)

Hiermee word kennis gegee dat u kind _____ in graad _____

hom/haar aan die volgende oortreding(s) vir die tweede keer skuldig gemaak het:

_____
_____
_____
_____
_____

VOORBEELD

Die volgende stap na waarskuwings is detensie.

Volgens die Gedragskode moet u kind stiptelik om 13h30 by die Adjunkhoof se klas aanmeld vir detensie. Detensie sal geskied op Maandag _____ 2019 om 14:00 tot 16:00.

Geen verskonings sal aanvaar word om detensie ter syde te stel nie. Dit is slegs in die geval van **ernstige siekte in die onmiddellike familie of die afsterwe van 'n familielid**, wat 'n skriftelike kennisgewing aan die Skoolhoof gerig mag word, waarna die datum van detensie aangeskuif sal word tot die volgende week.

Geen ouer/voog kan 'n kind verskoon van detensie nie. Ouers word gemaan om streng by die regulasies te bly om dissiplinêre aksie te voorkom.

Onderteken asseblief hierdie kennisgewing en besorg dit terug aan u kind se klasonderwyser

_____ voor Vrydag _____ 2019.

_____ _____
HANDTEKENING VAN ONDERWYSER DATUM

_____ _____
HANDTEKENING VAN OUER/VOOG DATUM